

**HOËRSKOOLO WATERKLOOF**  
**RUGBY**  
**BELEIDSDOKUMENT VIR AFRIGTING- EN ONTWIKKELING**

**1. AFRIGTINGSTRUKTURE**

- 1.1 Die afrigtingstruktuur bestaan uit twee of drie afrigters by die A-spanne en een by die B- en C-spanne.  
Let wel: die hulpafrigters moet verkieslik een voorspeler- en een agterspelerspesialis wees.
- 1.2 Die hoofafrigter is vir die totale ouderdomsgroep verantwoordelik en het gevolglik uitvoerende mag en besluitneming in die groep. Sy sukses sal egter grootliks afhang van die mate waarin hy sy hulpafrigters en/of die C- of D-spanafrigter bemaagtig en ontwikkel deur middel van deelnemende bestuur.
- 1.3 Die C- en/of D-spanne (sluit die vyfde- en sesdespan in) sal slegs een afrigter per span hê.
- 1.4 Die aanwys van hoofafrigters sal deur 'n komitee bestaande uit die rugbydirekteur, die sporthoof en die skoolhoof, behartig word.
- 1.5 Die hulpafrigters sal ook deur bogenoemde komitee aangewys word, nadat daar met die hoofafrigters gekonsulteer is en hul insette gelewer is.
- 1.6 Al die afrigters word die geleentheid gebied om vir die onderskeie hoofafrigtersposte aansoek te doen.
- 1.7 'n Rugby-identiteit en –afrigtingsmodel is in die proses om deur middel van werkswinkels saamgestel te word.
- 1.8 Ons wil die afrigters maksimaal geleentheid gee en versoek om kursusse by te woon sodat hulle die spel op hoë vlak kan aanbied.
- 1.9 Daar word van afrigters verwag dat ten minste een afrigter in elke ouderdomsgroep of in totaal 'n minimum van vier afrigters, aansoek sal doen om as Blou Bulle-afrigters oorweeg te word.

**2. KOMMUNIKASIE**

- 2.1 Interne kommunikasie
  - Alle finale besluite word na oorlegpleging met die medeafrigters deur die hoofafrigter geneem – wat hom uiteindelik direk vir alle kommunikasie in sy ouderdomsgroep verantwoordelik maak.
  - Die struktuur van kommunikasie en goedkeuring op verskillende vlakke, is vas:  
Speler/ouer → afrigter(s) → rugbydirekteur → sporthoof → skoolhoof.
  - Die rugbydirekteur is verantwoordelik dat alle inligting wat afrigters en spelers raak, bv. wedstryde en kursusse, **alle** betrokke partye so gou en duidelik moontlik sal bereik.
  - Die afrigtersforum (die rugbydirekteur, hoofafrigters en soms ander afrigters) vind gedurende die seisoen weklíks op Woensdae vanaf 14:00 tot 15:00 plaas. Indien die medeafrigters nie die betrokke forum op uitnodiging bywoon nie, is dit die hoofafrigters se verantwoordelikheid om die inligting en/of besluite onmiddellik of so gou moontlik en volledig aan hulle te kommunikeer.
  - Indien 'n hoofafrigter nie die Woensdag-forum kan bywoon nie, moet hy betyds een of beide sy hulpafrigters sekondeer om vir hom in te staan.
- 2.2 Kommunikasie met spelers
  - Inligting moet op ons weklíks forum wat uit die rugby-direkteur en hoofafrigters bestaan, beskikbaar wees en so gou moontlik deurgegee word. Dié forums sal Woensdae tussen 14:00 en 15:00 plaasvind. Na afloop van die forums word alle inligting aan die hulpafrigters aangegee sodat dieselfde inligting gekommunikeer word.
  - Spanne moet so vroeg as moontlik in die week gekies word sodat die laer spanne (B, C & D) gefinaliseer kan word en sodat individuele gesprekke met die betrokke speler(s) wat uitgelaat is uit die span, gevoer kan word. Redes moet verskaf word indien 'n speler

uitgelaat word en moet so vroeg as moontlik in die week (verkieslik die Maandag) met die betrokke speler bespreek word.

- Spanlyste, veral A-spanlyste, moet weekliks teen Woensdagoggend op die laaste, by die sportburo ingehandig word.
- Ouers moet kennis dra van die beleid en dit so aanvaar dat 'n speler se weglating uit die span of insluiting in die span, met die speler self, en nie met die ouers nie, bespreek sal word.
- Geen negatiewe of afbrekende kommentaar of uitlatings moet tydens wedstryde deur afrigters gemaak word nie – nie teenoor spelers nie en veral nie teenoor skeidsregters of ouers nie.
- Daar moet aan 'n speler verduidelik word wanneer hy gedurende 'n wedstryd vervang word, dat dit 'n taktiese skuif tot voordeel van die span is. Só 'n speler moet gerusgestel word sodra hy die veld verlaat.
- **Geen** spelerterugvoer gaan direk na afloop van wedstryde met spelers of ouers plaasvind nie. Die speler is welkom om, soos bo genoem, dit by die volgende afrigtingsessie met die afrigter(s) te bespreek.

### 2.3 Kommunikasie met ouers

- Die hoofafrigter, en alleenlik die hoofafrigter, sal vir die doeltreffende kommunikasie of die gebrek aan kommunikasie met ouers verantwoordelik gehou word.
- Afrigters het besluit om net eties van mekaar te praat en ons waak daarteen dat ouers afrigters teen mekaar sal afspeel.
- Kommunikasiestrukture moet duidelik aan die ouers verduidelik word en ouers se aandag moet daarop gevestig word dat hulle altyd na die beginpunt terugverwys sal word indien hulle enige van die rolspelers gesystap het.
- Inligtingsessies **moet** aan die begin van elke seisoen by elke ouderdomsgroep gehou word waartydens ouers ingelig sal word oor die rugbybeleidsbepalings wat in plek is, die spelstyl wat by die spelers gekweek word, asook die werkswyse van die afrigters.

### 2.4 Kommunikasie met die publiek

- Alle kommunikasie na die publiek moet persoonlik deur die sporthoof en/of rugbydirekteur hanteer en onderteken word.
- Alle inligting met betrekking tot die skool se rugby en/of rolspelers moet eers onder die rugbydirekteur se aandag gebring word.
- Geen besonderhoude kan deur afrigters gedoen word sonder die toestemming of medewete van die skoolhoof nie.

## 3. WERWING

- Ons beleid vanaf Junie 2010 is dat Hoërskool Waterkloof beoog om sy grootste werwingspogings met graad 6 en 7-leerders te doen.
- Ons voorsien dat sleutelposisies tot 'n maksimum van graad 11 gewerf kan word indien nodig.
- Ons beoog om geen speler in graad 12 vir die skool te werf nie.
- Ons beoog om net tydens die af-seisoen werwing te doen.

## 4. KIES VAN SPANNE

- Sou 'n speler in die loop van die seisoen vrywillig na ons skool toe kom, sal hy eers deur die volgende beleidsstelsel moet vorder voordat hy in aanmerking geneem sal word om vir sy betrokke ouderdomsgroep se A-span te speel:  
Een wedstryd in die C-span (en reserwe vir die B-span).  
Een wedstryd in die B-span (en reserwe vir die A-span tydens die wedstryd).  
Daarna kan hy in aanmerking vir die A-span kom.  
Dit is onderhewig aan die Blou Bul-beleidsdokument (sien *Nuwe spelers*, asook *Skuif van spelers*).

- Sou daar nie B- en C-spanwedstryde oor wees nie (Beeldtrofee), sal die speler minstens een wedstryd in die B-span moet speel of een wedstryd moet uitsit (nie reserwe nie), voordat hy vir die A-span in aanmerking geneem sal word.
- Beseerde spelers: As 'n speler vir twee of meer wedstryde weens 'n besering nie kan speel nie, sal die speler(s) eers weer een span laer moet begin speel om in aanmerking vir die A-span te kom. Sou so 'n beseerde speler herstel tydens of net voor die uitspeel- of finale fase van 'n kompetisie, sal die afrigter se diskresie by die spankeuses geld.
- Indien 'n speler siek is en ten minste drie oefeninge gemis het, moet die speler afgeskuif word na een laer span word (dus – die speler wat die meeste geoefen, speel die wedstryd).
- Geen speler mag twee spanne laer afgestuur word nie. Geen speler mag twee spanne opgetrek word nie – spelers mag dus nie spanne oorslaan nie.
- Seuns wat nie vir toere beskikbaar is nie, begin een span laer speel na afloop van die toer.
- Dieselfde geld vir atlete en ander sportsoorte se spelers wat later in die seisoen by rugby aansluit.

## 5. MEDIESE PROTOKOL

Mediese bystand is beskikbaar by die skool. Personeel by die sportwetenskapdepartement kan genader word vir hulp. 'n Sportwetenskaplike, biokinetiese en fisioterapeute word in die sportburo gehuisves sodat spelerbeserings, herstel en kondisionering noukeurig opgevolg en bestuur kan word.

## 6. AFRIGTERS SE VERANTWOORDELIKHEDE IN VERBAND MET OEFENSSESIES:

- 6.1 Afrigters sal te alle tye **stiptelik** en voorbereid by afrigtingsessies opdaag.
- 6.2 Sessievoorbereiding en weekbeplanning moet aan die rugbydirekteur voorgehou word om verwarring betreffende ons afrigtingsraamwerk te voorkom. Dié beplanning moet die Vrydagmiddag voor 14:00 van die voorafgaande week ingehandig wees vir evaluering.
- 6.3 Verskoning van die nie-bywoning van oefenssessies kan slegs by die rugbydirekteur of die hoofafrigter in die geval van die direkteur se afwesigheid, gemaak word.
- 6.4 Afrigters sal te alle tye in sweetpakke of oefenklere afrig.
- 6.5 Geen gesprekke oor spankeuses, oefenprogramme, wedstrydevaluering, ens. sal met ouers tydens oefeninge of na afloop van oefeninge plaasvind nie.

## 7. PROEWE

By alle onder ouderdomsgroepe (O/14, O/15 en O/16) word die proewe oor 'n tydperk van drie tot vier dae gespeel. Dit is die afrigters se prerogatief om die proefwedstryde te reël, asook hulle veantwoordelikheid om seker te maak dat die volgende keurproses gevolg word:

- Keurkomitee bestaan uit: spesifieke ouderdomsgroep se afrigters, die ouderdomsgroep net ouer se hoofafrigter, die sporthoof en die rugbydirekteur. Waar moontlik, wil ons ook 'n onafhanklike persoon op die komitee verwelkom. Afrigters reël self dié persoon.
- Die eerste wedstryd van die seisoen sal ook gebruik word as finale proewe en daarna sal die groepe aangekondig word tydens 'n inligtingsaand.

By die oopspanne, sal die volgende prosedure geld:

- Die keurkomitee bestaan uit die afrigters van al die oopspanne, die rugbydirekteur (indien hy nie reeds as afrigter by die oopspanne betrokke is nie), die sporthoof, en een of meer buite-keurders.
- Die buite-keurders sal spesialis –afrigters en/of hoë profielspelers wees.
- Die groepe sal bekend gemaak word na afloop van die eerste ligawedstryd, wat ook as finale proewe sal dien.
- Die eerstespangroep sal uit 'n minimum van 25 spelers bestaan wat nie noodwendig in die tweedespan sal speel nie.

## 8. BORGE

Dit is algemeen besluit en aanvaar dat alle borgskappe vir rugby in een bepaalde rekening betaal sal word sodat al die spanne gelyke voordeel van al die borge kan trek.

Waterkloof se truie sal nie meer verskillende borge by verskillende ouderdomsgroepe adverteer nie. Logo's kan wel op die rugbybroeke aangebring word.

Die eerstespantrui sal bemark word en die koste daaraan verbonde sal vasgestel word op grond van waar die advertensieblootstelling op die truie sal wees.

#### **9. DISSIPLINÊRE KODE (AFRIGTERS)**

- 9.1 Enige dissiplinêre oortredings van die voorafgaande beleid wat op alle afrigters van toepassing is, sal deur die dissiplinêre komitee vir rugby aangespreek word. Dié komitee sal uit die skoolhoof, sporthoof, rugbydirekteur en die hoofafrigter (ad hoc) bestaan. Die rugbydirekteur sal deur die hoofafrigter van die eerstespan op die komitee vervang word indien eersgenoemde van 'n oortreding aangekla word.
- 9.2 Enige gerugte of persepsies wat die skool se rugby, rolspelers of die skool se beeld kan skaad, sal noodwendig ondersoek word. Indien genoegsame bewyse gevind kan word om die betrokke persoon of persone dissiplinêr aan te spreek, sal 'n volledige tugprosedure aanhangig gemaak en deurgevoer word.
- 9.3 Elke span moet 'n dissiplinêre kode vir die spelers implementeer. Dié kode moet eenvormig vir alle spelers wees en konsekwent deur die hoof- en hulpafrigters van elke ouderdomsgroep toegepas word.
- 9.4 Dissiplinêre aksies oor gebrekkige kommunikasie sal deur die dissiplinêre komitee hanteer word.

#### **10. DISSIPLINÊRE KODE (SPELERS)**

- 10.1 Indien 'n speler voortydig ophou rugby speel, sal die volgende reëls geld:
  - Onttrekking by foto's.
  - Alle rekords/eretoekenings sal nietig verklaar word.
  - Getuigskrifinskrywings sal nietig verklaar word.
  - Beurs word onttrek.
  - Word nie vir toekenings in ag geneem nie.
- 10.2 Indien 'n speler nie as reserwe vir die eerste span beskikbaar is nie, verbeur hy die reg om tweede span te speel.

#### **11. VERBODE MIDDELS**

Alle rugbyspelers en -ouer(s) sal verplig word om aan die begin van elke seisoen 'n dokument te onderteken wat bevestig dat die spesifieke speler geen verbode middels gebruik of gebruik het wat op die WADA- en SAIDS-lys as verbode middel(s) verskyn nie. Indien 'n speler wel 'n middel gebruik of gebruik het en hy is nie seker of dit in genoemde lys te vervat word nie, moet die speler dit so gou moontlik met sy afrigter bespreek sodat die middel geïdentifiseer kan word. Sou die spelers en/of sy ouers versuim om die dokument te onderteken, sal die speler nie toegelaat word om proewe te speel nie, wat indirek beteken dat die speler nie vir rugby vir die betrokke seisoen beskikbaar sal wees nie. Só 'n speler sal homself blootstel om volgens SARU se riglyne vir gebruik van verbode middels getoets te word.

Die dokument moet voor of op die dag van die proewe deur 'n speler en sy ouer(s) onderteken word.

Januarie 2016